# STRATEGIE VIR ONDERRIG EN LEER 2017-2021

| | |
|---|---|
| Doel | Om 'n stel strategiese riglyne te verskaf om Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch (US) te implementeer. |
| Tipe dokument | Strategie – riglyn dokument |
| Toeganklikheid | Interne US dokument; Beskikbaar by www.sun.ac.za/ctl |
| Datum van implementering | 2017 |
| Hersieningsdatum | 2021 |
| Vorige hersienings | 2002, 2013 |
| Eienaar van hierdie reëls | VR: Leer en Onderrig |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie reëls | Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer |
| Datum van goedkeuring | Maart 2017 |
| Goedgekeur deur | Senaat |
| Sleutelwoorde | Onderrig, Leer, Eienskappe van Graduandi, Strategie |

# Strategie vir Onderrig en Leer 2017 - 2021

**Bestuursopsomming**

**1 Inleiding**
- **1.1 Doel van die dokument**
- **1.2 Verantwoordelikhede**
- **1.3 Verband met beleidsraamwerk van die Universiteit**

**2 Konteks**

**3 Visie**

- **3.1 Eienskappe van graduandi**
  - **3.1.1 'n Ondersoekende gees**
  - **3.1.2 'n Betrokke burger**
  - **3.1.3 'n Dinamiese professionele persoon**
  - **3.1.4 'n Afgeronde individu**

- **3.2 Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch**
  - **3.2.1 Kritiese en vakkundige dosente**
  - **3.2.2 Deelnemingsgerigte kurrikulumontwerp**
  - **3.2.3 Dinamiese aanbieding**
  - **3.2.4 Verrykte kampuservaring**

**4 Strategiese Prioriteite**

- **4.1 Professionalisering van die vakkundige onderrigrol**
- **4.2 Realisering van die eienskappe van graduandi aan die Universiteit Stellenbosch**
- **4.3 IT-verrykte leermodel**
- **4.4 Bevordering van die akademiese en sosiale integrasie van 'n diverse studentekohort**
- **4.5 Programvernuwing**

**5 Verslagdoening**

# Bestuursopsomming van die Strategie vir Onderrig en Leer

Hierdie dokument bied ’n uiteensetting van ’n strategie vir onderrig en leer vir die Universiteit Stellenbosch ten einde uitvoering te gee aan die visie van die Universiteit, soos dit in ander beleidsdokumente vervat is. Meer spesifiek is hierdie strategie daarop toegespits om die koers aan te dui vir die realisering van daardie doelwitte wat sal verseker dat die Universiteit Stellenbosch een van die toonaangewende universiteite in Suid-Afrika bly – ook op die gebied van onderrig en leer. Die dokument is opgestel met inagneming van die konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika, die voorneme om die diverse bevolking van die land op ’n aantal verskillende vlakke te weerspieël, en die strewe om gegradueerdes met ’n stel eienskappe toe te rus wat strook met die status van die Universiteit sowel as die behoeftes van die wêreld waarbinne hulle ’n sinvolle bydrae moet lewer.
Die strategie draai om die volgende strategiese prioriteite:

* Die professionalisering van die vakkundige onderrigrol
* Die realisering van die eienskappe van graduandi aan die Universiteit Stellenbosch
* ’n IT-verrykte leermodel
* Bevordering van die akademiese en sosiale integrasie van ’n diverse studentekohort
* Programvernuwing

Die diagram hieronder stel die kernelemente van die 2017–2021 strategie voor: die eienskappe van graduandi waarmee die Universiteit sy studente wil toerus, die algehele leerervaring waardeur studente hierdie eienskappe behoort te ontwikkel, en die vyf strategiese prioriteite vir 2017–2021 wat die leerervaring moet onderstut sodat hierdie eienskappe wél gerealiseer word. Die strategiese prioriteite word om analitiese redes afsonderlik beskryf, maar sal in werklikheid in sinergie funksioneer ten einde die visie te bereik.
Die strategie hou rekening met die unieke akademiese omgewings van die verskillende fakulteite en vakrigtings aan die Universiteit. Daarom bied dit breë riglyne in die veronderstelling dat elke omgewing die fyner besonderhede sal uitwerk om die strategiese doelwitte op ’n gepaste wyse in hul bepaalde konteks in werking te stel.

| | Samevatting van die Onderrig- en Leerstrategie 2017 - 2021 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Visie** | **Graduandi kenmerke** | **‘n Ondersoekende gees** | **‘n Betrokke landsburger** | **‘n Dinamiese professionele persoon** | **‘n Afgeronde individu** |
| | **Onderrig en Leer aan US** | Kritiese en vakkundige dosente | Deelnemings-gerigte kurrikulum-ontwerp | Dinamiese aanbieding | Verrykte kampuservaring |
| | | | | | |
| **Strategiese Prioriteite** | Professionali-sering van die vakkundige onderrigrol | Realisering van die graduandi eienskappe in die kurrikulum | IT-verrykte leermodel | Bevordering van die akademiese en sosiale integrasie van ‘n diverse student-kohort | Program-vernuwing |

# Strategie vir Onderrig en Leer 2014–2018

## 1. Inleiding

Sedert die eerste strategiese plan vir onderrig en leer van 2002 is heelwat met betrekking tot die versterking van onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch (US) vermag. Verskeie gelokaliseerde en fakulteitspesifieke ontwikkelings[1] sowel as stelselwye inisiatiewe[2] het plaasgevind. Die voorgestelde strategie vir die tydperk 2017 tot 2021 is opgestel om die US se voortgesette verbintenis tot goeie onderrig te verwoord. Baie van die inisiatiewe berus op samewerkende, sistemiese en strategiese benaderings wat doeltreffendheid en volhoubaarheid sal teweegbring. Die strategie is hersien en bygewerk om dit in pas te bring met die veranderende wêreld en die hersiene strategiese doelwitte van die Universiteit, sowel as om uitnemende onderrig en studentesukses aan die US verder te versterk. Om "studentesukses" te meet, bepaal ons:

> nie net of studente ʼn graad verwerf het nie, maar ook of gegradueerdes werklik die voorbereidingsvlak – wat betref kennis, vermoëns en persoonlike eienskappe – behaal wat hulle in staat sal stel om sowel te floreer as ʼn bydrae te lewer in ʼn snelveranderende ekonomie en in onstuimige, uiters veeleisende konteks in die wêreld, die samelewings- en dikwels ook persoonlike kontekste (vertaling van Kuh 2008, aangehaal in "Framework for Institutional Quality Enhancement in the Second Period of Quality Assurance", Januarie 2013).

Die strategie wat in hierdie dokument vervat word, is gegrond op die aanvanklike Strategie vir Onderrig en Leer van 2002, wat op sy beurt na die Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna (2000) verwys het. Laasgenoemde het die Universiteit se visie met betrekking tot onderrig soos volg beskryf:

> ʼn Universiteit wat gekenmerk word deur gehalte onderrig, die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme, en die skepping van effektiewe leergeleenthede/studiegeleenthede.

Hierdie strategiese fokus is verder ontwikkel in beide die US Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 en die US Institusionele Plan 2017-2022. In die US Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 word die strategiese posisionering van die Universiteit vir die 21ste eeu geanker in die uitbreiding van toegang, behoud van die momentum op uitnemendheid en die versterking van sosiale impak. Net so vereis die US Institusionele Plan 2017-2022 dat alle afdelings van die Universiteit toegang verbreed, uitnemendheid handhaaf, sosiale impak verhoog, internasionalisering uitbrei en stelselmatig transformeer. Hierdie hernieude onderrig- en leerstrategie is bewus van al hierdie institusionele imperatiewe en konsentreer daarop om gewig te gee aan die verwesenliking van studentesukses. Sodanige studentesukses behels die voorsiening van 'n bemagtigende omgewing waarbinne kwaliteit onderrig en leer kan plaasvind.

---

[1] Voorbeelde van fakulteitspesifieke inisiatiewe wat samewerking behels, is die integrasie van akademiese geletterdheid in die Fakulteit Regsgeleerdheid, die Afrika Doktorale Akademie in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en die gesamentlike hersiening van die eerstejaarsaanbod in die Fakulteit Teologie.

[2] Goeie voorbeelde van stelselwye inisiatiewe is die Eerstejaarsakademie (EA) en die versterking van die leerkultuur in koshuise, wat ten nouste met die EA verband hou.

### *1.1 Doel van die dokument*

Hierdie is ’n institusionele dokument wat ’n konsensusvisie oor ’n strategie vir onderrig en leer uiteensit en strategiese prioriteite vir die tydperk 2017 tot 2021 verwoord. Die dokument bied ’n raamwerk waarbinne alle fakulteite en steuneenhede die visie en strategiese prioriteite teen die agtergrond van hul eie omstandighede en planne kan vertolk. Dit bied ook ’n aanduiding van hoe sentrale eenhede en administratiewe meganismes die realisering van hierdie planne kan ondersteun.

### *1.2 Verantwoordelikhede*

Onderrig en leer behels verskeie verantwoordelikhede:

- die verantwoordelikheid om te leer en leergeleenthede te benut berus by die student; studente-organisasies het ’n rol te vervul om studente te ondersteun en aan te moedig, sowel as om mentorskap en leiding te bied
- die verantwoordelikheid om optimale geleenthede vir leer te ontwerp en in werking te stel berus by die akademici wat onderrig bied
- die verantwoordelikheid om voldoende fasiliteite vir onderrig en leer te voorsien en in stand te hou berus by die organisatoriese eenhede in beheer van die Universiteit se fisiese en virtuele infrastruktuur
- die verantwoordelikheid om professionele advies en praktiese hulp ter ondersteuning van onderrig te bied berus by sentrale steuneenhede en steunpersoneel in fakulteite
- die verantwoordelikheid om die onderrigfunksie strategies te rig berus by die Universiteitsbestuur

Die strategie wat in hierdie dokument vervat word, dek ál hierdie groepe.

### *1.3 Verband met beleidsraamwerk van die Universiteit*

Die verband tussen hierdie strategie en die beleidsraamwerk van die Universiteit word in die diagram hieronder uitgebeeld. Uit die diagram blyk dat die beleid en strategie van die instelling en dié van die fakulteite en eenhede in ’n wederkerige verhouding tot mekaar staan, en dat die verskillende aktiwiteitsfere mekaar beïnvloed en rig. Die pyltjies dui aan presies hóé die vlakke mekaar beïnvloed.

**Die rol van ’n strategie vir onderrig en leer binne beleidsraamwerke**

| **Nasionale reguleringsfunksie, bv. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Raad op Hoër Onderwys, Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid** | **Instelling** | **Fakulteite en steundienste** | **Staats- en provinsiale rade en liggame wat programme beïnvloed, bv. Wes-Kaapse Provinsiale Regering, DoD, SAICA** |
|---|---|---|---|
| | Visie en raamwerk | | |
| | Strategiese plan | Fakulteits- en sentrumplanne | |
| | **Strategie vir onderrig en leer** | Fakulteits- en sentrumplanne oor onderrig en leer<br>Studentebydraes en -planne | |
| | Beleid, regulasies en raamwerke<br>(bv. assesseringsbeleid; raamwerk vir professionele ontwikkeling) | Fakulteitsreëls en -regulasies | |
| | Begrotingsplanne en aktiwiteite oor tydperk van drie jaar, met inbegrip van hoe fakulteits- en sentrumplanne ondersteun sal word | Begrotingsplanne en aktiwiteite van fakulteite en sentra<br>Studenteplanne en -aktiwiteite | |

## 2. Konteks

As ’n navorsingsgerigte universiteit kom die US tans te staan voor baie spesifieke uitdagings en geleenthede met betrekking tot sy unieke geskiedenis sowel as nasionale en internasionale tendense in hoër onderwys en kennisontwikkeling. Dít beïnvloed hoe onderrig en leer gestalte kry en vereis bepaalde strategiese prioriteite vir die tydperk 2017 tot 2021, wat hieronder beskryf word.

Op ’n institusionele vlak maak die Universiteit fluks naam as ’n navorsingsgerigte instelling. Hiervan getuig die plek wat die US op verskeie ranglyste beklee. Die moontlike voordele wat hierdeur gebied word, behoort in sowel voor- as nagraadse onderrig en leer benut te word.

Die Universiteit worstel steeds daarmee om enersyds ’n unieke identiteit te handhaaf en andersyds meer toeganklik vir almal te word, veral wat diversiteit onder studente en personeel betref. Dít werp die soeklig op taal, synde ’n onderrigmiddel, ’n uitdaging, dog ook ’n potensiële ryke hulpbron.

Die Universiteit neem aan ’n toenemende aantal vennootskappe met die openbare sektor, beroepsliggame en rade deel, wat almal bepaalde verwagtinge van die instelling het. Hierdie verwagtinge plaas die US onder druk, maar bied ook ’n geleentheid vir vernuwing en relevansie.

Die Universiteit het ’n belangrike rol te vervul om die verskeidenheid *sosiokulturele, opvoedkundige en ekonomiese uitdagings van Suid-Afrika* en die groter streek die hoof te bied. Die nalatenskap van maatskaplike verdeling duur voort: Ook in onderrig en leer moet die US nasionale en plaaslike uitdagings met betrekking tot die maatskaplike en ekonomiese konteks hanteer. In Suid-Afrikaanse verband is die vlak van ongelykheid tussen arm en ryk

mense in die Stellenbosch-streek van die hoogste in die land. Hierdie uitdagings beïnvloed die roetinepraktyke vir onderrig en leer aan die Universiteit. Terselfdertyd moet die Universiteit ’n rol speel om tot ’n positiewe oplossing vir hierdie uitdagings by te dra. Die Universiteitsdokument “Hoop as rigtinggewende motief vir die Universiteit Stellenbosch”, wat in Maart 2011 ter tafel gelê is, erken hierdie noodsaak.

*Beperkte bewyse van transformasie in Suid-Afrikaanse laer- en hoërskoolonderrig* verklaar waarom soveel jongmense voor matriek reeds skool verlaat. As gevolg van sulke beperkte transformasie ontwikkel studente uit ’n verskeidenheid maatskaplike agtergronde nie die soort vaardighede, kennis en houdings wat toegang tot tersiêre onderrig verseker nie. Hoewel die hoër onderwys nie allereers op die taak van algemene onderwyshervorming toegespits is nie, en ’n mens realisties moet wees oor wat ’n universiteit kan vermag, is die hoëronderwyssektor steeds verplig om na kreatiewe oplossings vir die uitdagings van onvoldoende skoolvoorbereiding te soek. Die voortgesette volhoubaarheid van die opvoedkundige doelwitte van die US verg kreatiewe en doeltreffende reaksies op hierdie uitdagings. Moontlike benaderings in dié verband is in die Riglyndokument vir Akademiese Geletterdheid aan die US (2012) voorgestel (wat by www.sun.ac.za/sol beskikbaar is).

In die lig van die *nasionale behoefte* aan toepaslik gekwalifiseerde en goed toegeruste gegradueerdes, dring die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (hierna DvHO) aan op ’n sterker klem op studentesukses en gehalte onderrig. Ooreenkomstig *nasionale beleid* skenk die huidige Gehalte Bevorderingsprojek aandag hieraan. Hierdie strategiedokument word ook gerig deur die beleid van die DvHO, waarvan die inwerkingstelling deur toegewyde finansiering onderstut word, soos die jaarlikse bestemde onderrigontwikkelingstoelaes en die Universiteit Kapasiteitsontwikkelingstoekennings (UKOT) vanaf 2017.

Weens die wêreldwye ekonomiese resessie sowel as ouers en borge se beperkte vermoëns om tot onderwyskoste by te dra, *is daar ’n toenemende behoefte om meer met minder uit te rig.* Openbare verwagtinge van wat ’n universiteitsopvoeding behoort te bied, is hoër. Volgens die Groenskrif op Hoër Onderwys[3] word daar byvoorbeeld van universiteite verwag om toegang te bied aan veel méér studente in Suid-Afrika as tans. Soos baie ander Suid-Afrikaanse universiteite, het die US dalk ’n versadigingspunt bereik in sy vermoë om fisies uit te brei, en dus moet virtuele en tegnologies-ondersteunde platforms bedink word om studentedeelname en -diversiteit te verhoog.

*Die veranderende aard van kennis en werk in plaaslike sowel as wêreldverband* het gelei tot ’n onderling-verbonde samelewing. Hoewel lede van hierdie samelewing dalk meer in voeling is met mekaar, gaan hulle ook onder erge ‘inligtingsoorlading’ gebuk. Kommunikasie van ’n wisselende gehalte geskied in al hoe meer vorme, maak al hoe wyer deelname moontlik, en hou al hoe minder versperrings vir openbare deelname in. Dít lei tot nuwe, tegnologiebemiddelde vorme van samewerking en mentorskap, wat op sy beurt tot ander leerprosesse aanleiding gee. Die US se onderrig- en leerstrategieë moet dus daarop toegespits wees om gegradueerdes op te lewer wat aan die arbeidsmag kan deelneem en in wêreldmarkte kan meeding. Nuwe gegradueerdes moet kan saamwerk en terselfdertyd ook selfstandig kan funksioneer.

[3] Hoofstuk 7 van die Groenskrif word gewy aan studente met gestremdhede in die hoër onderwys, en handel oor die rol van inligtingstegnologie om hulptoestelle en ander kreatiewe oplossings vir hierdie uitdaging te voorsien.

Die veranderende konteks beïnvloed ook die *rol van die akademikus.* Akademiese werk is toenemend onderworpe aan die druk van finansiële besnoeiings, mededingendheid, prestasie en tegnologiese verandering.

Die huidige studentekorps het veranderende opvoedkundige verwagtinge en behoeftes: Hulle is al hoe minder elite, meer divers én minder seker van geldelike steun en werk. Hierdie *veranderinge in die aard van die studentekorps* word internasionaal opgemerk, wat natuurlik nuwe uitdagings aan onderrig en leer stel. Die gehalte en uitkomste van onderrig is deurslaggewend om gegradueerdes te help toerus om hierdie uitdagings te hanteer.

## 3. Visie

Hierdie strategie word gerig deur die US se visie van graduandi wat dié instelling graag wil oplewer. Dit beoog ’n US-studenteleerervaring wat deur die formele en informele kurrikulum sowel as ko-kurrikulêre aktiwiteite gevorm word. Vir die doeleindes van hierdie strategie verwys die begrip “eienskappe van graduandi” na:

> daardie eienskappe, vaardighede en sienings wat ’n universiteitsgemeenskap verwag sy studente gedurende hul tyd by die instelling moet verwerf. Hierdie eienskappe sluit in, maar strek ook verder as, die dissiplinêre kundigheid of tegniese kennis wat tradisioneel die kern van die meeste universiteitskursusse uitmaak. Dit is eienskappe wat gegradueerdes ook toerus om as agente ten goede van die gemeenskap op te tree in ’n onbekende toekoms. (vertaling van Bowden *et al*. 2000, aangehaal in Barrie 2006:217)

### *3.1 Eienskappe van graduandi*

As skepper van volhoubare hoop in Afrika, streef die US daarna om die soort omstandighede te skep wat elke student sal in staat stel om die eienskappe hieronder te verwerf:

’n Ondersoekende gees

- Lewenslange leerder
- Kritiese en kreatiewe denker
- Aanvaar verantwoordelikheid vir leer en die aanwending van kennis

’n Betrokke burger

- Leier en medewerker
- Maatskaplike entrepreneur
- Doeltreffend in ’n diverse omgewing

’n Dinamiese professionele persoon

- Probleemoplosser
- Gebruik volhoubare en doeltreffende tegnologie
- Innoverend

’n Afgeronde individu

- Blootgestel aan die kulturele, intellektuele én sportlewe

- Aanvaar verantwoordelikheid vir eie ontwikkeling
- Neem ingeligte en weldeurdagte besluite

### *3.1.1 ’n <u>Ondersoekende</u> gees*

’n Gegradueerde met ’n “ondersoekende gees” is weet- en leergierig, ’n lewenslange leerder wat krities en kreatief dink, en wat stelselmatige ondersoekmetodes gebruik om kennis te ontwikkel en probleme op te los. ’n Ondersoekende gees is ontvanklik vir nuwe sowel as diverse idees, en is gewillig om uit vorige, gevestigde kennis te leer, maar ook om na nuwe maniere van weet en doen te soek. Dít behels die vermoë om die beste te haal uit internasionale en gevestigde vorme van kennis, asook uit kennis van inheemse, plaaslike, leke- en onderverteenwoordigde bronne. Dit behels ook die vermoë om die onderlinge verwantskappe tussen verskillende kennisbronne en -stelsels raak te sien, en idees en inligting individueel sowel as in spanverband te verwerk. ’n Ondersoekende gees is oordeelkundig en heg waarde aan kennis sowel as kundigheid. Só ’n student sal deeglik oorweging skenk aan die verantwoordelikheid en verantwoording wat met kennis en leer gepaardgaan, en sal navorsingsgerigte benaderings tot besluitneming respekteer.

### *3.1.2 ’n <u>Betrokke</u> burger*

’n Betrokke burger verstaan hoe om as ’n lid van ’n span en gemeenskap ’n bydrae te lewer, en dus hoe om saam te werk en ander van diens te wees. ’n Gegradueerde word ’n betrokke burger in soverre hy/sy na hom-/haarself sowel as na ander kan omsien. Dit impliseer ook die vermoë om op verskeie vlakke ’n leiersrol in die maatskaplike lewe en as lid van die burgerlike samelewing te vervul, soos in die gesin, in die werkplek en op streeks-, nasionale, kontinentale en internasionale vlak. Betrokke burgerskap impliseer enersyds ’n waardering vir plaaslike en nasionale verbondenheid, en andersyds die voorkoming van skadelike eksklusiwiteit. ’n US-gegradueerde behoort die geleentheid te ontvang om krities aan gemeenskapsinteraksie in die streek deel te neem en aan moontlike oplossings vir nasionale en internasionale krisisse, soos dié van volhoubaarheid en klimaatsverandering, te dink. Hy/sy sal boonop die waarde van wêreldwye skakeling verstaan en ontvanklik wees vir deelname in internasionale omgewings. ’n Betrokke burger begryp dat die transformasie van die samelewing die transformasie van die self impliseer.

### *3.1.3 ’n <u>Dinamiese</u> professionele persoon*

’n Dinamiese professionele persoon kan die kennis wat op universiteit en elders verwerf is, aanwend om probleme in die werkplek, tuis en in die gemeenskap op te los. So ’n persoon is innoverend, lê inisiatief aan die dag en is bewus van die krag van entrepreneurskap. Hy/sy behoort goed onderlê te wees in die belang van etiese gedrag sowel as die betekenis daarvan in die praktyk. ’n Dinamiese professionele persoon is terselfdertyd doeltreffend, en span sy/haar eie talent sowel as ander se vermoëns in om te groei en te vorder. Laastens beskik ’n dinamiese professionele persoon oor die buigsaamheid om in ’n veranderende arbeidswêreld loopbaanbesluite te neem en keuses te maak. ’n US-gegradueerde behoort ’n dinamiese professionele persoon te word deurdat hy/sy geleer het hoe om in verskeie gemeenskaps-, sake-, beroeps- en persoonlike omgewings kennis toe te pas en oor te dra, en tegnologie volhoubaar en doeltreffend te gebruik. Hy/sy behoort mondelings, skriftelik, digitaal en multimodaal kan kommunikeer.

### *3.1.4 ’n Afgeronde individu*

’n Afgeronde individu besef die belang van estetiese, kulturele, spirituele en tradisioneel wetenskaplike vorme van skakeling, en verstaan die waarde van fisiese sowel as intellektuele welwees en sport. Só ’n individu sou die geleentheid ontvang het om ’n moontlike kennisbron vir hom-/haarself sowel as vir ander te word. Daarom kan hy/sy ingeligte besluite neem en sy/haar opvoeding gebruik om die lewe in die ruimste sin te verryk. ’n US-student behoort bystand te ontvang om vaardighede, waardes en idees te ontwikkel wat sy/haar eie menswees verryk. Die kurrikulum en ko-kurrikulum behoort geleenthede te bied vir die student om sosiaal, individueel, intellektueel én emosioneel te groei.

### *3.2 Onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch*

Die Universiteit sal slegs sy gegradueerdes kan help om ondersoekende, betrokke, dinamiese, professionele sowel as afgeronde individue te word indien sy onderrig- en leerreëlings asook die reëlings wat alle aspekte van die studente-ervaring rig, met só ’n visie strook. Om dít te bereik, word die volgende vereis:

Kritiese en vakkundige dosente wat

- aan verskeie vorme van vakkundigheid deelneem; en
- selfondersoekend is én ontvanklik is vir nuwe idees.

Deelnemingsgerigte kurrikulumontwerp wat

- die buitewêreld na die klaskamer bring; en
- aktueel en selfvernuwend is.

Dinamiese aanbieding wat

- innoverend en buigsaam is; en
- ’n wye verskeidenheid media doelmatig aanwend.

’n Verrykte kampuservaring wat

- leer uit diverse oogpunte fasiliteer; en
- ’n verskeidenheid leerkontekste voorsien en aanmoedig.

### 3.2.1 Kritiese en vakkundige dosente

Vir die US om soveel moontlik geleenthede aan sy studente te bied om op toepaslike wyse aan ’n navorsingsgerigte en ondersoekgegronde leerervaring deel te neem, moet die instelling oor dosente beskik wat as rolmodelle, leiers, kundiges, vennote en fasiliteerders dien. Hierdie dosente is *kritiese vakkundiges* wat hul eie vakrigtings sowel as die akademieskap van onderrig en leer verken. Hulle doen gereeld selfondersoek en is ontvanklik vir kritiek op hul akademiese werk en werkwyse. Die onderwyskonteks moet omstandighede skep waarin dosente kan floreer en hul leergierigheid met hul studente kan deel.

### 3.2.2 Deelnemingsgerigte kurrikulumontwerp

Waar van toepassing, moet die kurrikulum by groter maatskaplike en omgewingskwessies en die arbeidswêreld aansluit en sodoende *deelname* aanmoedig. Deur middel van assessering wat diep-leer bewerkstellig, behoort die kurrikulum studente te lei om vir hul eie akademiese

vordering verantwoordelikheid te aanvaar. Dit sal geleenthede vir oorspronklike en navorsingsgegronde leer, sowel as diensleer bied. Hoewel dit nie vorige, gevestigde kennis en insigte mag verwaarloos nie, moet die kurrikulum ook aktueel, selfvernuwend en toekomsgerig wees.

**3.2.3 Dinamiese aanbieding**

Die vorm van aanbieding behoort aktiewe leer aan te moedig deur middel van innoverende en buigsame leermateriaal, ’n wye verskeidenheid media sowel as geleenthede vir samewerkende en onafhanklike leer. In die lesingruimte en virtuele ekwivalente behoort studente geleentheid te ontvang om kennis te bevraagteken en te verwerf. Hulle behoort ook bekend gestel te word aan die kommunikasiemetodes wat in die navorsingswêreld, die werkplek en die gemeenskap gebruik word.

**3.2.4 Verrykte kampuservaring**

Die kampus behoort só georganiseer te word dat studente van verskillende mense met diverse standpunte en uit uiteenlopende maatskaplike agtergronde kan leer. Hierdie mense sluit in hul portuurgroep, akademici en administratiewe sowel as steundienspersoneel. Werklike en virtuele leerkontekste behoort studente die geleentheid te bied om intellektueel, emosioneel sowel as kultureel oor ’n verskeidenheid kurrikulêre en ko-kurrikulêre aktiwiteite heen te ontwikkel. Die Universiteitskonteks moet gebaseer word op geïntegreerde begrippe van ondersteunende sowel as uitdagende ervarings vir studente, sodat leer en ontwikkeling voortdurende ervarings is oor 'n verskeidenheid kontekste oor die kampus en die instelling.

## 4. Strategiese prioriteite

Om die visie in afdeling 3 hierbo te bereik, is vyf strategiese prioriteite bepaal, soos hieronder beskryf.

### 4.1 Die professionalisering van die vakkundige onderrigrol

’n Belangrike uitdaging is om ’n omvattende begrip van die professionalisering van tersiêre onderrig tot stand te bring wat goeie onderrig op gepaste wyse oor fakulteite heen sal bevorder en erken.

Die professionalisering van onderrig aan die US verg om verskeie redes aandag, onder meer (i) om die waarde van onderrig te bekragtig en só akademici se intrinsieke sowel as ekstrinsieke motivering te versterk; (ii) om akademici se moreel en beroepsidentiteit te verbeter; (iii) om leiding te bied rakende onderrig aan die US, veral aan pas aangestelde akademici; (iv) om geleenthede te skep vir akademici om hul onderrigpraktyke te verken, daaroor na te dink en dit meer navorsingsgerig te benader; (v) om akademici in staat te stel om hul onderrig te verbeter, onder meer deur innovasie en probleemoplossing; en (vi) om tot die realisering van die eienskappe van die US-gegradueerde sowel as studentesukses aan die instelling by te dra.

Die erkenning en ondersteuning van goeie onderrig vereis aandag aan algemene diensvoorwaardes en fasiliteite, soos die tyd en finansiële steun wat dosente dalk benodig om ’n program (of module) te ontwikkel of te herontwerp. Dít noodsaak op sy beurt meer

aandag aan die toewysing van werk, vermoëns en fasiliteite op fakulteits- of departementele vlak, en behoort in verskeie strategiese dokumente van die US opgeneem te word.

Voorbeelde van onlangse inisiatiewe om die vakkundige onderrigrol aan die US te professionaliseer sluit in:

- die jaarlikse PRONTAK- (Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici-) sessie vir pas aangestelde dosente;
- die jaarlikse US-konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL);
- die Fonds vir Innovasie in Navorsing oor Leer en Onderrig (FINLO);
- finansiering as deel van die DvHO se onderrigontwikkelingstoelaag, wat opsygesit is vir die US se onderriggenootskappe en toelaes vir die studie en professionalisering van onderrig;
- die aanstelling van adjunkdekane vir onderrig in verskeie fakulteite;
- die formele stigting van die Sentrum vir Gesondheidsberoepe-onderrig;
- die aanstelling van Gemengde Leer Koördineerders in alle fakulteite;
- die vestiging van onderrig- en leernafe in fakulteite; en
- die goedkeuring van die **Aanbevelings vir die Bevordering en Erkenning van Onderrig** deur die Senaat.

Sedert 2014 is akademiese ondersteuning aan fakulteite gedeeltelik gedesentraliseer in fakulteite. Dit bied nuwe geleenthede vir die sistemiese en geïntegreerde bevordering van onderrig en leer aan die Universiteit.

Hierdie prioriteit word in die volgende strategiese oogmerke verwoord:

4.1.1 Om 'goeie onderrig' in verskillende kontekste te definieer sodat dit op alle vlakke herken, bevorder en beloon kan word;

4.1.2 Om 'n kritieke massa kundigheid in elke fakulteit op te bou ten einde (i) leiding rakende onderrig en leer te bied; (ii) die professionele ontwikkeling van ander in die fakulteit te ondersteun, en (iii) geleenthede vir die studie en versterking van onderrig te ondersoek.

### 4.2 Die realisering van die eienskappe van graduandi aan die Universiteit Stellenbosch

Die eienskappe van graduandi word deur middel van die formele akademiese programme sowel as informele of ko-kurrikulêre kampuservarings verwerf. Op die vlak van die individuele program word meer spesifieke *uitkomste* vereis. Hierdie uitkomste sal die eienskappe van die US-gegradueerde, die uitkomste van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) sowel as dissiplinêre en bedryfsverwante spesifikasies weerspieël. Hierdie prioriteit word verder verwoord in verskeie strategieë en dokumente van die Universiteit, waaronder die US se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018, die Riglyndokument vir Akademiese Geletterdheid aan die US (wat op 13 Augustus 2012 aan die Komitee vir Leer en Onderrig, oftewel die KLO, voorgelê is) en die werk van die Taakgroep oor die Gebruik van IKT in Onderrig en Leer (wat op 17 April 2013 aan die KLO voorgelê is). Hierdie drie dokumente word by name hier vermeld aangesien dit oorvleuel en die verskillende strategieë met mekaar

versoen moet word. Die eienskap van ‘’n ondersoekende gees’ vereis byvoorbeeld dat ’n US-student akademiese geletterdheid verwerf, wat toepaslike lees- en skryfvaardighede behels; die eienskap van ‘’n dinamiese professionele persoon’ vereis weer dat ’n student digitale geletterdheid verwerf, wat impliseer dat toepaslike inligtingstegnologievaardighede bemeester moet word. Die eienskappe van ‘’n dinamiese professionele persoon’ en ‘’n afgeronde individu’ in Suid-Afrikaanse verband verg verder ook bewustheid van die waarde van meertaligheid, ’n waardering vir die taaldiversiteit van die land, en die ontwikkeling van vaardighede in meer as een taal.

Hierdie prioriteit word in die volgende strategiese oogmerke verwoord:

4.2.1 Om die eienskappe van graduandi konteksspesifiek binne vakrigtings, fakulteite, steunstrukture en studenteliggame te definieer;

4.2.2 Om riglyne, opleiding en steun te bied vir die vaslegging van die eienskappe én uitkomste van graduandi in alle programme;

4.2.3 Om die uitkomste van graduandi in akademiese programme en die eienskappe van graduandi in ko-kurrikulêre aktiwiteite vas te lê;

4.2.4 Om ’n raamwerk te ontwikkel vir die monitering van die realisering van die eienskappe én uitkomste van graduandi.

### 4.3 ’n IT-verrykte leermodel

Die onderrigbenadering en eienskappe van graduandi waarna die US streef, erken die belang van digitale geletterdheid, en dus ook die belang van ultramoderne inligtingstegnologie- (IT-)fasiliteite en die toepaslike gebruik van sosiale media. Daar is ’n minimum vlak van IT-vaardigheid en digitale geletterdheid wat van enige US-student verwag kan word, hoewel verskillende programme en dissiplines in die praktyk wisselende vlakke van IT-gebruiksvaardigheid vereis. Eweneens is daar ’n minimum vlak van IT-vaardigheid en digitale geletterdheid wat van enige US-dosent verwag kan word. Die waarneming dat die meeste studente met universiteitsintrede reeds vertroud is met IT omdat hulle voorheen gevorderde toegang tot rekenaars en slimfone gehad het, is rigtinggewend, maar kan nie as die reël aanvaar word nie. Studente se digitale geletterdheid vir akademiese gebruik wissel oor die algemeen baie en verg aandag. Akademici aan die US toon eweneens wisselende vlakke van vertroudheid met IT en die moontlike gebruik daarvan in onderrig. Dít beklemtoon die behoefte aan opleiding, ondersteuning en die uitruil van goeie praktyk. Let wel: Die Strategie oor IT en Onderrig en Leer van April 2013 bied ’n omvattende plan vir hierdie prioriteit.

Hierdie prioriteit word in die volgende strategiese oogmerke verwoord:

4.3.1 Om te verseker dat dosente hul professionele digitale en pedagogiese (gemengde leer) vaardighede ontwikkel om kurrikulums te ontwerp, te ontwikkel en te lewer waarin IKT (leer tegnologie) sinvol geïntegreer word in 'n gemengde leerbenadering;

4.3.2 Om te verseker dat kurrikulêre programme die oordeelkundige gebruik van IT in onderrig en leer weerspieël ten einde die eienskappe van graduandi sowel as studentesukses te realiseer;

4.3.3 Om te verseker dat steun- en ko-kurrikulêre aktiwiteite IT gebruik om die US-ervaring te verryk, waar van toepassing;

4.3.4 Om te verseker dat kurrikulêre en ko-kurrikulêre programme in optimale fisiese omstandighede plaasvind om sodoende ’n IT-verrykte leermodel te ondersteun.

**4.4 Bevordering van die akademiese en sosiale integrasie van ’n diverse studentekohort**

Ten einde studentesukses in al sy gedaantes te bereik, moet aandag geskenk word aan, en voorsiening gemaak word vir, die leerbehoeftes van ’n diverse studentekohort. Die voordele van diversiteit in studentegroepe behoort benut te word. Bepaalde ramings vir die US se institusionele transformasieplanne is met die oog op 2013 tot 2018 gemaak. Dié ramings hou grootliks verband met rassediversiteit. Hierdie strategie oorweeg egter ’n wyer stel parameters, onder meer taal, geslag, ouderdom, nasionaliteit, maatskaplike klas en gestremdheid. In sekere opsigte verander die studentekohort op ’n natuurlike wyse om die groter Suid-Afrikaanse demografie te weerspieël; die verhouding Engelssprekende:Afrikaanssprekende[4] studente het byvoorbeeld reeds 50:50 bereik.

Diversifikasie word daadwerklik op ’n aantal vlakke nagestreef.

Op voorgraadse en nagraadse vlak wil die US ’n toenemende getal opvoedkundig-benadeelde studente bereik, hoewel dit ’n uitdaging bly om benadeling te bepaal. Die US is ook voornemens om nuwe markte te betree, insluitend die uitbreiding van die Universiteit se reikwydte na die sogenaamde “werk-en-studeer-groep”, en dus na meer volwasse studente, sowel as die herstrukturering van die voorgraadse aanbod om meer toegepaste leer in te sluit wat relevant is tot die konteks waarin studente eendag sal werk.

Die US is toenemend ook ’n tuiste vir studente met gestremdhede, wat ’n groter behoefte impliseer aan meer leiding en ondersteuning vir akademici wat hierdie studente onderrig, veral omdat sekere gestremdhede nie direk sigbaar of meetbaar is nie. Wat die internasionalisering van die studentekorps betref, bepaald op nagraadse vlak, is ’n aantal inisiatiewe reeds aan die gang.

Spesifieke inisiatiewe om vir ’n diverse kohort voorsiening te maak, sluit in (i) beurse aan opvoedkundig/finansieel-benadeelde studente; (ii) verlengde graadprogramme wat op die teikengroep studente se eerste studiejaar konsentreer; (iii) die Eerstejaarsakademie, wat tutor- en mentorleiding aan eerstejaarstudente voorsien asook die ontwikkeling van 'n program (Akademiese Burgerskap in Afrika) wat oor die hele voorgraadse ondervinding vir alle studente strek; (iv) institusioneel-gefinansierde taalplanne vir elke fakulteit; (v) die fasilitering van dienste vir studente met gestremdhede, soos die omskakeling van leermateriaal in braille en die beskikbaarstelling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal-interpretasie; (vi) ondersteuning vir internasionale studente deur middel van die Nagraadse en Internasionale Kantoor, en (vii) beurse vir PhD-studente van vennootuniversiteite in Afrika (PANGeA) deur die Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die deurlopende kritiese evaluering van hierdie inisiatiewe is noodsaaklik.

[4] Hier verwys ons na studente met Afrikaans en Engels as eerste taal (T1) en/of as onderrigtaal (OT), aangesien alle studente met Afrikatale as T1’s reeds sedert hul vierde skooljaar of vroeër ’n ander taal (meestal Engels) as OT gehad het.

Die gedagte dat méér gedoen kan word om in diverse studente se behoeftes te voorsien, word byvoorbeeld in die verslag van die Taakgroep oor ’n Verwelkomende Kultuur aan die US erken. Die aanbevelings van hierdie taakspan is geïmplementeer deurdat 'n klustersisteem geïmplementeer is waarvolgens alle studente-, koshuis- en privaatverblyfstudente ingesluit is in die verskillende ondersteunings- en ontwikkelingsgeleenthede. ’n Nuttige benadering tot die kurrikulumreëlings genaamd “universele leerontwerp” is om deur middel van onderrig, dienste, inligtingstegnologie en fisiese ruimtes[5] proaktief vir ’n diverse studentekohort voorsiening te maak en fisiese fasiliteite en IT maksimaal vir dié doel aan te wend.

Hierdie prioriteit word in die volgende strategiese oogmerke verwoord:

4.4.1 Om proaktief vir werklike en verwagte studentekohorte in alle programme voorsiening te maak;
4.4.2 Om stelselmatig maatstawwe te ontwikkel en in werking te stel om opvoedkundige benadeling en behoeftes onder studente te bepaal;
4.4.3 Om spesifiek aangepaste ondersteuningsprogramme, insluitend mentorskap, vir veral kwesbare studente te ontwikkel.

### 4.5 Programvernuwing

Kurrikulum- en programvernuwing sowel as besinning oor die algehele programaanbod is ’n belangrike deel van die akademiese prosesse van ’n universiteit. Vorige omvattende programvernuwingsprosesse aan die US sluit in dié van 1999–2000, gedurende die aanvanklike SAKO-prosedure vir die tussentydse registrasie van kwalifikasies; dié van 2003, op versoek van die destyds pas aangestelde Rektor; en dié van 2010–2011, vir die herskikkingsproses van die Subraamwerk vir Hoër Onderwys en vanaf 2015, die institusionele kurrikulumhernuwingsprojek onder leiding van die VR (O&L) via die Adjunkdekane O&L Forum. Redes waarom kurrikulumvernuwing voortgesit moet word, sluit in (i) om onderrig- en leerprosesse te optimaliseer; (ii) om werksdruk op personeel te bestuur; (iii) om te reageer op, en die leiding te neem in, nuwe kennisontwikkeling; (iv) om te reageer op nuwe benaderings tot onderrig en leer, en self ook innoverende nuwe benaderings te ontwikkel, en (v) om toepaslik op veranderende samelewingsbehoeftes te reageer.

Hierdie prioriteit word in die volgende strategiese oogmerk verwoord:

4.5.1 Om aan 'n proses van deurlopende kurrikulumvernuwing op beide program- en modulevlakke deel te neem, in reaksie op kontekstuele imperatiewe;
4.5.2 Om huidige programme deeglik te analiseer en te beplan vir programvernuwing en rasionalisering in die breër konteks van inskrywingsbeplanning;
4.5.3 Om die grootte- en vormplanne van die Universiteit te implementeer.

[5] Die Amerikaanse Wet op Hulptegnologie van 1998 omskryf ‘universele ontwerp’ as ’n konsep of filosofie vir die ontwerp en lewering van produkte en dienste met die wydste moontlike verskeidenheid funksionele vermoëns, vir gebruik deur mense. Dit sluit in produkte en dienste wat mense direk kan gebruik (sonder dat dit hulptegnologieë vereis) en produkte en dienste wat met hulptegnologieë bruikbaar gemaak word. (Soos aangehaal deur Sheryl Burgstahler in “Universal Design in Higher Education: From Principles to Practice” (2010) Cambridge, Mass: Harvard University Press)

## 5. Verslagdoening

Daar sal van sentra en fakulteite verwag word om in hul jaarverslae spesifiek na die oogmerke in hierdie strategie te verwys. Voorgestelde aktiwiteite om die US se prioriteitstrategieë in verskillende kontekste uit te voer, is vervat in die Omgewingsplan van die Viserektor (Leer en Onderrig). Uittreksels van die verslae uit verskillende omgewings sal opgeneem word in die US Jaarlikse Onderrigverslag wat deur die VR (O&L) saamgestel word.